**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. : A62/2007

In die appèl van:

**THOTHANYANE ISAAC TOMANYANE** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** MALHERBE, RP *et* EBRAHIM, R

---

**AANGEHOOR OP:** 21 MEI 2007

---

**UITSPRAAK:** MALHERBE, RP

---

**GELEWER OP:** 7 JUNIE 2007

---

Appellant is ‘n 45-jarige man wat in die Streekhof tereggestaan het op ‘n aanklag van Moord op ene Johannes Lubbe. Hy was deur ‘n prokureur verteenwoordig en het onskuldig gepleit op die aanklag. Hy is egter skuldig bevind soos aangekla en gevonnis tot 10 jaar gevangenisstraf. Hierdie appèl is gemik teen beide die skuldigbevinding en vonnis.

Die feite van hierdie saak is betreklik eenvoudig: Mnr. Jakob Tamako en sy vrou Josephine is onderskeidelik 39 en 38 jaar oud. Hulle woon direk langs appellant. Albei getuig dat hulle ongeveer 2 v.m. die betrokke nag vanuit hulle huis gehoor het dat daar iemand huil buite appellant se huis. Beide van hulle het opgestaan en na appellant se huis gestap. Hulle tref hom in sy erf aan waar hy by 'n bebloede persoon (wat later geblyk het die oorledene te wees) gestaan het. Die oorledene was die persoon wat hulle hoor huil het. Hy het op sy rug gelê en sy hande was voor sy bors geboei. Appellant het half gebukkend oor hom gestaan en hom vasgehou. Naby appellant se voete het 'n vuurwapen gelê. Op Jakob se vraag wat fout is, het appellant geantwoord dat hy oorledene in sy motorvoertuig gekry het wat direk buite sy huis by sy voordeur geparkeer was, klaarblyklik op die punt om dit steel. Jakob en sy vrou is terug na hulle huis om verder te gaan slaap. Die res van die nag, getuig Jakob, het

> "daardie persoon aanhoudend gehuil tot om en by vyfuur se kant. Toe het dit eers stil gewees ...

deur die loop van die nag het ek 'n geluid gehoor van 'n persoon wat aangerand word en hy het gehuil ....
dit klink soos houe ....

ons het nie weer gaan kyk nie."

Teen ongeveer 6 v.m. het appellant by hulle deur kom klop. Josephine het oopgemaak, met appellant gepraat en later 'n rapport aan Jakob gemaak met betrekking tot haar gesprek met appellant. Ongeveer 7 v.m. is beide Jakob en Josephine weer na appellant se huis. Daar was heelwat ander mense ook teenwoordig. Oorledene het op sy rug gelê. Hy was reeds dood en sy hande was nie meer geboei nie.

Josephine staaf haar man in alle wesenlike opsigte. Al wat sy byvoeg tot Jakob se getuienis is dat appellant teen 6 v.m. toe hy by hulle deur geklop het, vir haar gesê het

> "... die persoon wat hy aangerand het, is oorlede ...
>
> En hy het toe vir ons meegedeel dat as die mense in die omgewing vir ons vra of die Polisie ons kom vra, ons moet hulle moet sê dat die mense wat uit die sjebeen uitgekom het, dit is hulle wat hom aangerand het..."

Die oorledene is dood as gevolg van veelvuldige beserings wat met stomp geweld toegedien is. Ek haal die opsomming van die beserings aan uit die lykskouingsverslag van Dr. Monatisa:

g4. **External appearance of body and condition of limbs:**

4.1 Fully clothed body of an adult black male.

4.2 Multiple blunt trauma injuries as per the diagrams.

4.2.1 Laceration of the scalp over the vertex 58 mm long, 6 mm wide and undermined 15 mm deep below the left margin (reference to the decedent).

4.2.2 Laceration of the scalp over the rigth frontal area 30 mm long and undermined 40 mm below the right margin (reference to the decedent).

4.2.3 Laceration of the schalp of the left temporal area 40 mm long, 15 mm wide and 10 mm deep.

4.2.4 Laceration of the left cheek on the lateral aspect 25 mm long, 10 mm wide and 10 mm deep.

4.2.5 Abrasions of the face on the left side of the nasal bridge; the lateral aspect of the right cheek.

4.2.6 Abrasions of the neck below the angle of the jaw on the left side and on the right of the anterolateral aspect of the base of the neck.

4.2.7 Multiple deep impact abrasions of the front of the chest on both sides.

4.2.7.1 The abrasions had tram line patterns, consistent with being inflicted by an elongated blunt object, e.g. a rod.

4.2.8 Tram line deep impact abrasion of the right lateral aspect of the lower chest.

4.2.9 Mutiple impact abrasions of the back of the trunk and on the buttocks and the back of the thights with tram line patterns.

4.2.10 Constusions of the back of the trunk and on the buttocks.

4.2.11 Contusion of the right forearm on the posterior and lateral aspects.

4.2.12 Contusions of the lower limbs on the front of the right thigh, the medial aspect of the right leg and lateral aspects of the left thigh and leg.

4.2.13 Mutiple deep impact abrasions of the front of both knees and legs.

4.2.14 Fracture of the left tibia in the middle third of the leg.

4.2.14.1 The fibula adjacent to this tibia was intact."

Wat sy borskas betref, het die geneesheer die volgende bevind:

"10. **Thoracic cage and diaphragm:**

10.1 Fractured rib 9, 10, 11 and 12 of the left side on the lateral aspect of the chest.

10.2 Contusions of the intercostal muscles of the right lower region from rib 8 to tib 10."

Die longe was ook gekneus. Daar was 14 aparte areas van die liggaam wat beseer is en ongeveer 42 aparte beserings.

Appellant het destyds gewerk as 'n sekuriteitsbeampte. Hy getuig dat hy ongeveer 2.15 v.m. die betrokke nag by sy huis aangekom het van die werk af en sy motor by die voordeur geparkeer het. Net toe hy in die bed klim, hoor hy 'n geluid wat klink of dit sy motor se deur is wat toegemaak word. Hy het sy dienspistool geneem en na buite gegaan. Oorledene het agter die motor se stuurwiel gesit. Hy het oorledene beveel om stil te sit sodat hy die Polisie kon ontbied. Oorledene het egter uit die kar geklim en hom vasgegryp. Hulle het begin stoei. Appellant se vuurwapen het op die grond geval. Hulle het al stoeiende tot by die hek van die perseel gevorder. Op daardie oomblik het 4 of 5 mans vanuit 'n nabygeleë drinkplek

gekom. Hulle was met kieries gewapen. Op hulle vraag wat aangaan, het appellant gesê dat hy oorledene in sy motor betrap het, waarna hierdie persone die oorledene met hulle kieries aangerand het. Appellant het probeer keer en die Polisie op sy selfoon probeer ontbied. Die aanvallers is daar weg en hy het die oorledene in sy erf ingesleep en geboei. Oorledene is later dood en die Polisie en ambulans het nog later opgedaag en oorledene verwyder.

Appellant erken dat Jakob en Josephine in die loop van die nag by hom was en navraag gedoen het oor wat aangaan. Hy erken ook dat hy vir hulle gesê het dat hy oorledene in sy motor gekry het. Hy ontken egter dat hy die oorledene hoegenaamd aangerand het of dat hy later daardie oggend na Jakob en Josephine se huis is soos hulle getuig.

Mev. Murray het in 'n baie volledige betoog alles gesê wat redelikerwyse namens appellant gesê kan word. Sy het die getuienis in die fynste besonderhede ontleed en aangevoer dat daar verskeie onwaarskynlikhede en/of onbeantwoorde vrae in die Staatsaak is. Haar betoog is dat appellant se verontskuldigende weergawe redelik moontlik waar is. Ons het haar betoog versigtig oorweeg maar kan nie daarmee saamstem nie.

Die kern van die Landdros se uitspraak lui soos volg:

> "Dit is duidelik dat die twee Tamako's van al ongeveer 02:15 tot 05:00 gehoor het toe die oorledene huil en hoe hy aanhoudend geslaan word Dit is duidelik dat wanneer daar na die getuienis in totaliteit gekyk word, die hof tevrede is dat hierdie twee Tamako's

eerbare en onafhanklike getuies is wat hulle getuienis op ‘n eerlike wyse hier by die hof afgelê het sonder dat hulle enige poging aangewend het om die wêreld vir die beskuldigde moeilik te maak.

Die beskuldigde se verduideliking dat die gemeenskap hom aangerand het, is duidelik ‘n versinsel. Dit verduidelik dan ook hoekom hy vroeg die volgende oggend, toe hy nou besef die oorledene is dood, aan die twee Tamako’s gaan sê het hulle moet sê dit is die gemeenskap wat die oorledene aangerand het as die polisie navrae sou doen. Dit is duidelik gedoen in ‘n poging om hom uit sy dilemma te probeer help. Die twee Tamako’s was egter nie bereid om dit te doen nie.

Dit is wanneer na die omstandighede in die geheel gekyk word dat ek tevrede is dat hierdie weergawe van die beskuldigde so onwaarskynlik is dat ek dit met veiligheid as vals kan verwerp. Die hof bevind derhalwe as ‘n feit dat die beskuldigde die enigste persoon is wat die oorledene sy beserings toegedien het.

Nou is dit so dat hy die oorledene aangetref het in sy voertuig. Dit is duidelik dat die oorledene daar ingebreek het en hy is op heterdaad betrap. Die beskuldigde het toe hierdie man te lyf gegaan. Hy het te ver gegaan en in die proses van toediening van houe, vanaf ongeveer 02:15 tot 05:00, het hy sy dood veroorsaak.

Alhoewel hy moontlik nie begeer het om die oorledene dood te maak nie, is dit baie duidelik dat enige persoon wat ‘n ander soveel houe toedien, op die wyse en met die geweld wat dit toegedien is, voorsien dat die dood kan intree. Hierdie was ‘n wrede en langdurige aanranding op die persoon van die oorledene. Ek het geen twyfel dat skuldvorm *dolus eventualis* by die beskuldigde teenwoordig was nie.

Gevolglik word hy dan <u>SKULDIG BEVIND AAN MOORD.</u>”

Ek kan nie hiermee fout vind nie. Appellant kon met reg kwaad gewees het vir die oorledene toe hy hom as't ware op heterdaad betrap in sy motor. Dit is verstaanbaar dat hy oorledene sou wou te lyf gaan. 'n Knuppel was deel van sy toerusting as sekuriteitsbeampte. Oorledene se kneusings kon deur 'n knuppel veroorsaak gewees het luidens die mediese getuienis. Waarom sou 'n groep vreemde mans oorledene so genadeloos aanrand as sy beweerde optrede hoegenaamd niks met hulle te doen gehad het nie? Die aanvaarding van Josphine se getuienis oor appellant se besoek aan hulle huis ongeveer 6 uur daardie oggend en wat hy vir haar gesê het, is eintlik die einde van die verdedigingsaak. Alhoewel die Staatsaak op omstandigheidsgetuienis berus, is appellant se skuld na my mening bo redelike twyfel bewys.

Wat die opgelegde vonnis betref, het die Streeklanddros wesenlike en dwingende omstandighede bevind in appellant se ouderdom, sy skoon rekord, die feit dat daar by sy motor ingebreek is, asook die skuldvorm van *dolus eventualis*. Daar kan ook nie met die vonnis ingemeng word nie.

Gevolglik misluk die appèl en word beide die skuldigbevinding en vonnis bekragtig.

**J. P. MALHERBE, RP**

Ek stem saam.

**S. EBRAHIM, R**

| | |
|---|---|
| Namens die Appellant: | Adv. H. Murray<br>In opdrag van:<br>Symington & De Kok<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die Respondent: | Adv. C. F. Steyn<br>In opdrag van:<br>Die Direkteur:<br>Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/em